

**Dinsdag 2 Junie**

**Skrifgedeelte: Handeling 1:12-16**

**Fokusgedeelte: Handeling 1:14 (1983-vertaling)**

### **Voer jou opdrag biddend uit**

**D**ie apostels is gehoorsaam aan Jesus se opdrag en keer terug na Jerusalem om daar te wag. Maar wat doen hulle terwyl hulle afwagtend is? Hulle het almal eendragtig volhard in die gebed. Dit was die eerste gemeente, die begin van die kerk van die Here, wat ons daar in die bovertrek biddend aantref. Ja, die eerste gemeente was 'n biddende gemeente.

Waarvoor het hulle gebed? Ons kan aflei dat hulle teruggegryp het na die woorde van Jesus in Handeling 1:8: "Julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria tot aan die eindes van die aarde." Hulle moet getuies wees, dit is hulle opdrag, maar hulle moet ook wag. Afwagtend bid die kerk daar in die bovertrek om die koms van die Heilige Gees, want die Gees is die gawe aan die kerk om haar opdrag uit te voer.

Hulle kon eendragtig bid, want hulle was gefokus op een ding en een ding alleen, die woorde van Jesus. Gehoorsaamheid aan God se Woord bring eensgesindheid. Hulle het ook volhard, aangehou, volgehou en uitgehou om te bid. Tien dae lank, totdat die belofte van God rakende die uitstorting van die Gees in vervulling gegaan het.

Ons taak as kerk is steeds om die evangelie uit te dra, om getuies van Jesus Christus se verlossing te wees. Hoe sukkel ons as kerke nie dikwels met hierdie opdrag nie? Is dit nie omdat ons op eie krag staatmaak nie? Is ons nog biddende gemeentes?

Kom ons volhard eendragtig en bid om vervulling met die Heilige Gees. Dit is nie 'n gebed vir die heruitstort van die Gees nie. Dit is 'n gebed om toerusting en vol wees van die Gees wat reeds ontvang is, om diensbaar te wees in gehoorsaamheid aan ons opdrag.

*Sing: Psalm 119-1:53*

*Ds. LP van Jaarsveld (Leon) (Brakpan)*